



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2008

**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I  
(LEESVRAESTEL)**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 3 uur

Punte: 100

---

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

Let asseblief op dat die vrae en voorgestelde antwoorde opeenvolgend in hierdie dokument verskyn om die nasienproses vir die nasieners te vergemaklik. Die vrae verskyn in gewone druk gevolg deur die antwoorde in skuinsdruk.

---

**AFDELING A****VRAAG 1 LEESBEGRIP, STYL EN TAAL**

Lees die artikel *Malligheid in Margate* deur Tienie Holtzhausen geneem uit *Beeld* (Leesstuk 1 van die Addendum) met aandag deur en voer dan die volgende opdragte uit:

- 1.1 Kyk weer na die opskrif.
- 1.1.1 Watter verwagting word by die leser geskep m.b.t. die inhoud van die artikel wat gaan volg? (1)  
*Daar is pret en plesier en vakansie in Margate.*
- 1.1.2 In watter opsig is die opskrif dan eintlik **ironies** nádat jy die artikel gelees het? (2)  
*Die leser verwag iets ligs en prettigs of effens stout, maar dan handel die teks oor ernstige vakansiemisdryf deur matrieks ná hul eksamen. Die artikel is dan skerp en krities.*
- 1.2 'Monduitspoel' is 'n weeklikse rubriek in *Beeld*. Dié naam is gepas vir die rubriek in die lig van die artikel wat jy so pas gelees het. (2)  
Verduidelik.  
*Dit verwys na sake wat 'n slegte smaak in die mond laat en so 'n skerp tirade help om die mond skoon te spoel. (Let ook op ander moontlikhede.)*
- 1.3 1.3.1 Watter **drie** bewyse kan jy in die artikel vind dat seuns, eerder as meisies, die teiken van die skryfster se kritiek is? Betrek ook die illustrasie. (3)  
*Par. 2 – testosteroon [Laaste 2 par. Mammie – seuntjie, - Seuna, Die skets: 'n seun word toegegooi met geld]*
- 1.3.2 Watter **twee** verwysings na meisies kan jy egter in die artikel vind wat toon dat die skryfster tog meisies ook in gedagte het? (2)  
*Par 3: berig oor Kalin Jooste; Par 6: dogtertjies by partytjie; miskien ook par. 5: as Boetie en Sussie deel word van die instopsindroom ...*
- 1.4 Die toon van par. 2 is **sarkasties**. Motiveer hierdie stelling deur te verwys na die inhoud en styl van hierdie paragraaf. (3)  
*Die matrieks word voorgestel as beheer deur hul hormone, ryk, bederf, en deel van 'n jappiekultuur. Dit saam met die smalende verwysing na hul mummies en pappies is bytend en neerhalend en dus sarkasties.*
- 1.5 In die artikel noem die skryfster twee sindrome, nl. die **Margate-toe-sindroom** en die **instopsindroom**.
- 1.5.1 Wat is 'n sindroom? (1)  
*Dit is 'n herkenbare toestand by mense, iets soos 'n siekte met spesifieke tekens of simptome waaraan dit uitgeken kan word.*
- 1.5.2 Hoe hou hierdie twee sindrome verband met mekaar, volgens die skryfster? (2)  
Verduidelik.  
*Die kinders raak gewoon daaraan om vir 18 jaar alles te kry wat hul wil hê, die instopsindroom, en dan word dit gevolg deur die onvermydelike klimaks, die Margate-toe-sindroom.*

- 1.6 Hier volg 'n paar interessante idiomatiese uitdrukkings uit die teks. Kies enige **drie** en verduidelik elkeen se betekenis soos jy dit uit die konteks verstaan. Skryf telkens die uitdrukking neer met die betekenis langsaan. (3)
- geldkraantjies (par. 2) *die oorvloedige vloei van geld na kinders*
  - komplimentêre kredietkaart (par. 8) *kaart wat vryelik beskikbaar is*
  - ... met apartheid opgekoffie het (par. 9) *die land met apartheid opgemors het*
  - die kastaiings vir jou uit die vuur krap (par. 11) *jou probleme vir jou oplos*
  - as jy droogmaak (par.11) *as jy verkeerd te werk gaan*
- 1.7 Bestudeer die woordkonstruksie **móét-beter-wees-as-die bure-siekte** (par. 5).
- 1.7.1 Watter funksie verrig die koppelteken hier? (1)  
*Dit vorm een woord, een begrip, 'n samestelling*
- 1.7.2 Waarom, dink jy, gebruik die skryfster hierdie konstruksie 'n hele paar keer in die artikel? (1)  
*Dis 'n handige en kreatiewe manier om met een begrip iets baie raak en gevat te beskryf, soos 'n nuwe woord/ nuutskepping (aanvaar ook ander moontlikhede).*
- 1.8 Verwys na par. 11. Op watter manier betrek die skryfster die leser direk by haar opmerkings? (1)  
Baseer jou antwoord op 'n stylaspek in die paragraaf.  
*Die informele wyse waarop sy die retoriese vraag vra, asof sy 'n gesprek met die leser voer/ die gebruik van die voornaamwoord jy/ jou, ens.*
- 1.9 Jy is 'n matrikulant en amper klaar met skool. Hoe voel jy oor die skerp kritiek wat die skryfster uitspreek oor die manier waarop jongmense vandag grootword en die waardes van ouers en kinders? Verwys na aspekte in die artikel in jou antwoord. (3)  
*Leerder se mening gebaseer op die teks en 'n evaluering van die skryfster se standpunt wat getuig van begrip en insig. Drie verwysings moet gegee word.*

<b>25 punte</b>
-----------------

## VRAAG 2 OPSOMMING

Lees die artikel *Skrywers en die gewraakte p-woord* wat in *Rapport* verskyn het (Leesstuk 2 van die Addendum) en voer dan die onderstaande opdrag uit.

Verkort hierdie artikel tot **10 kernfeite** van altesaam **nie meer as 100 woorde** nie. Jou doel hiermee is om die hele kwessie van plagiaat op 'n kernagtige wyse onder die aandag van jou mede-leerders te bring sodat hulle dit kan vermy.

Wys op die volgende 4 aspekte:

- **die kenmerke van plagiaat (wat dit is)**
- **waar en hoe dit voorkom**
- **die gevaar daarvan vir gebruikers**
- **hoe om dit te vermy**

Moenie die artikel woordeliks aanhaal nie, maar gebruik jou eie styl. Skryf die woordtal onderaan en moenie die aantal woorde oorskry nie. Maak seker jy betrek al 4 bogenoemde aspekte wat in die artikel voorkom.

Skryf in volsinne en gebruik korrekte taal en spel.

Skryf in **puntvorm** en noem jou **bron** onderaan. (Dié woorde is nie deel van die woordtal nie).

Jy sal gepenaliseer word as jy bogenoemde riglyne verontagsaam.

Jou opsomming sal met 'n metingskaal beoordeel word.

*Voorbeelde van tien feite:*

- *Plagiaat is die gebruik van ander se werk sonder erkenning van die bron.*
- *In letterkundige werke en koerantartikels lei plagiaat tot ernstige gevolge.*
- *Blatante plagiaat is die gebruik van idees en navorsing en om hulp te kry met skryfwerk sonder bronverwysings.*
- *Subtiele plagiaat is die oorskryf van inligting in jou eie woorde.*
- *Moderne kunstenaars pleeg plagiaat weens 'n gebrek aan kennis van bestaande werke.*
- *Op skool en universiteit word werk deeglik ondersoek vir plagiaat.*
- *Jare se studie kan verwoes word daardeur.*
- *Vermý dit deur bronne te erken.*
- *Gebruik bronne korrek sonder om agterdog te wek.*
- *Wees altyd bedag op die gevaar.*

100 woorde

Bepaal in watter mate die onderstaande kriteria nagekom is. Merk die aangewese vlak met 'n kruisie. Tel die punte op en deel deur 2 vir 10 punte.

Kriteria	Uitstekend	Bevredigend	Redelik	Swak
Tien punte uit verskeie aspekte is genoem	5	4 - 3	2	1
Al vier die aspekte is sinvol betrek	5	4 - 3	2	1
Vorm, bron, woordtal is korrek (aantal en neergeskryf)	5	4 - 3	2	1
Volsinne, taal en spel is korrek	5	4 - 3	2	1

Penaliseer vir herhaling van feite.

**10 punte**

### VRAAG 3 VISUELE GELETTERDHEID EN TAAL

Lees die strokies getiteld *Meester* (Leesstuk 3 van die Addendum).

Die strokies is genommer van 1 – 5 en die vraagnommers volg die strokienommers.

#### 3.1 Strokies 1

- 3.1.1 Kyk na raampies 1 en 3. Watter 4 tekens lees en sien jy wat die **klap** voorafgaan sowel as uitbeeld? (Verwys in jou antwoord na lyftaal sowel as taal- en skryftekens.) (2)
- Meester se dreigende woorde; sy hand wat lig vir die klap; sy dreigende en kwaai gesigsuitdrukking; die vraagteken en twee uitroepetekens; die simbooltjies van wolkies en sterretjies, net Neelsie se skoene wat agterbly. Enige vier.*

- 3.1.2 Wat, dink jy, sê die onderwyswet van hierdie optrede van onderwysers, **én** wat is **jou** mening daarvoor? (2)
- Dit is teen die wet en onderwysers sal aangekla word van aanranding. Leerder se aanvaarding of afsegging van bg. wetsbepaling.*

#### 3.2 Strokies 2

- 3.2.1 Neelsie se sin met 'kapittel' is verkeerd. Maak **jy** nou 'n sin sodat 'kapittel' as **werkwoord** korrek gebruik word. (1)  
*Meester kapittel Neelsie elke dag omdat hy nie huiswerk doen nie. (berispe)*
- 3.2.2 Watter stylfiguur (tegniek) het Neelsie gebruik om 'kapittel' te verduidelik? (1)  
*Klanknabootsing/ onomatopee.*
- 3.3 Strokie 3
- 3.3.1 Watter emosie word telkens met elk van die volgende uitroepe uitgedruk? Skryf die uitroep neer en langsaan die emosie (gevoelswaarde) as 'n **selfstandige naamwoord**. Maak seker dat jy die konteks deeglik verstaan. (3)
- Foeitog! *bejammering*
  - Ai tog! *frustrasie, ergernis*
  - Dankie tog! *verligting*
- 3.3.2 Watter **een** van die uitroepe kan ook 'n skerp spottende of sarkastiese toon dra? (1)  
*siestog of foeitog*
- 3.4 Strokie 4
- 3.4.1 Kyk na raam 3. Watter ironiese teenstelling merk jy op tussen Neelsie se beeld en woorde? (2)  
*Hy sê hy gaan nêrens heen nie, maar gaan tog êrens heen, nl. visvang.*
- 3.4.2 Kyk na raam 2. Waarom is **Juffrou** met 'n hoofletter geskryf, maar **mnr.** met 'n kleinletter? (1)  
*Juffrou is die eerste woord van 'n sin, maar as 'n titel binne 'n sin gebruik word, word dit met 'n kleinletter geskryf.*
- 3.5 Strokie 5
- 3.5.1 Aan watter stereotipering is Meester skuldig? Verduidelik. (1)  
*Hy neem aan dat alle leerders kul in 'n eksamen.*
- 3.5.2 Wat is die funksie van die ellips (stippels) in raam 1? Verduidelik binne hierdie konteks. (2)  
*Dit toon dat die lysie met kul-aksies nog langer kan wees; of, dit dui op 'n verswyging oor wat moontlik die gevolge vir oortreders kan wees. (Ander moontlikhede?)*
- 3.5.3 Vervang die twee informele woorde in hierdie strokie met standaard Afrikaans. Skryf telkens die informele woord sowel as die standaardvorm neer. Korrekte spelling is belangrik. (2)  
*pelle - maats; daai - daardie*
- 3.6 Al 5 strokies
- Watter **een** van die strokies is tipies van die skoolsituasie soos jy dit ervaar het oor die afgelope 12 jaar? Motiveer jou antwoord. (2)  
*Eie antwoord wat verwys na 'n strokie en sinvolle motivering binne die konteks.*

<b>20 punte</b>
-----------------

**VRAAG 4                      ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie, uit *Insig*, (Leesstuk 4 van die Addendum), en voer die volgende opdragte uit:

- 4.1      Maak 'n sin met die woord **kappie** sodat die betekenis duidelik verskil van **kappie** in die advertensie. (1)  
*In die ou dae het 'n meisie 'n kappie gedra as beskerming teen die son.*
- 4.2      Verduidelik hoe die verband tussen par. 1 en par. 2 bewerkstellig word. (2)  
*Deur par. 2 met **Maar** te begin, toon dit 'n teenstelling of wending wat volg op par. 1.*
- 4.3      Verduidelik die verskil tussen die betekenis van 'neer te lê' en 'verlê' in par. 1 deur 'n gepaste sinoniem vir elkeen van dié woorde voor te stel. (2)  
*neer te lê – neerplaas / neersit; verlê – verloor (Ander moontlikhede?)*
- 4.4      Watter stylfiguur word in reël 4 se eerste sin gebruik en hoekom is dit effektief in hierdie advertensie? (2)  
*Kontraswerking. Dit vestig die aandag op die funksie van die kappie en daardeur beklemtoon dit ook Sanlam se betrokkenheid by Afrikaans.*
- 4.5      Wat word bedoel met 'Dit gee sin aan wat ons wil sê en hoe ons dit sê'? Gebruik enige woord met 'n kappie om jou verduideliking te illustreer. (2)  
*Ons moet 'n woord met 'n kappie korrek uitspreek en skryf, bv. **sê**, sodat die betekenis van die woord duidelik hoorbaar en leesbaar is, anders kan verwarring plaasvind as sê soos se verstaan word (ook ander formulerings).*
- 4.6      4.6.1      Wat beteken die idioom, 'dit span die kroon' in reël 4? (1)  
*Dit maak dit buitengewoon uniek, oortreflik, beter as enigiets anders.*
- 4.6.2      Hoe hou die **visuele teken** op die advertensie verband met dié idioom? (1)  
*Die kappie lyk soos en pas soos 'n kroon op 'n letter; soos 'n kroon op 'n koning se hoof.*
- 4.7      Wat, dink jy, maak hierdie advertensie anders as die meeste ander advertensies in die gedrukte media? Verwys na twee **visuele** aspekte. (2)  
*Slegs die klein kappie vorm die visuele beeld van die advertensie en dit is in 'n groot ruimte met niks daarin geplaas nie. Ander advertensies het gewoonlik baie meer foto's of prente om die produk te adverteer. (dalk ander moontlikhede).*
- 4.8      Dink jy dit is 'n geslaagde advertensie wat deur **alle** Afrikaanssprekende lesers verstaan en waardeer sal word? Gee 'n rede vir jou mening. (2)  
*Ja, Afrikaanssprekendes wat kan lees behoort die kappie as skryfteken te ken en dus die slim teks te kan verstaan en geniet.*  
*of*  
*Nee, nie alle Afrikaanssprekendes is deesdae bewus van die plek en belang van skryftekens soos die kappie nie en sal dus nie die advertensie verstaan of sinvol vind nie. (ander moontlikhede?)*

<b>15 punte</b>
-----------------

**AFDELING B POËSIE****Voorbereide gedigte**

Daar word in hierdie afdeling kontekstuele vrae oor DRIE voorbereide gedigte uit *Groot Verseboek* gestel. Beantwoord enige TWEE vrae uit vrae 5, 6 en 7.

**VRAAG 5****Skeepsverslag: Titanic – M.M. Walters**

- 5.1 Om die satiriese aard en inhoud van hierdie gedig te begryp, word sekere agtergrondskennis veronderstel. Skryf drie vrae oor die titel neer wat jý sal vra om hierdie kennis te bekom. Betrek die titel in sy geheel. (3)
- *Wat is 'n skeepsverslag se vorm en styl? NB*
  - *Wat is die basiese feite oor die Titanic as skip?*
  - *Wat het met die Titanic gebeur?*
  - *Hoekom was dit so 'n nuuswaardige gebeurtenis?*
  - *ens. ens. – ENIGE sinvolle vrae.*
- 5.2 Waarna verwys die metafoor 'die wit eiland' (strofe 1) en personifikasie in 'die luukse reus was doof' (strofe 3), elk in sy konteks in die onderskeie strofes? (2)  
*'Die wit eiland' – die helder verligte skip het soos 'n wit eiland op die donker see gelyk.*  
*'die luukse reus was doof' – die reuse skip se kaptein en bemanning het hulle doof gehou vir die waarskuwings; nie daarna geluister nie.*
- 5.3 Watter toon word deur die woord 'kapteintjies' (strofe 3) gesuggereer? (1)  
*Sarkasme; verkleining, minagting.*
- 5.4 In dié gedig word enjambemente as 'n stylfiguur baie slim gebruik. Wat is die funksie of effek daarvan? Verduidelik met verwysing na strofe 3 of 4. (1)  
*Dit verskerp die indruk van saaklikheid soos die toon van 'n verslag behoort te wees. (miskien ander moontlikhede?)*
- 5.5 Verduidelik hoe jy die onverwagte slotreëls interpreteer sodat die gedig in sy geheel ook as 'n satire teen 'n ander agtergrond as bloot die ramp van die Titanic gelees kan word. (3)  
*Vir die passasiers om 'Nader my God by U' in Afrikaans te sing is nie moontlik nie. Dus kry 'wit eiland' en 'beloofde land', Hollanders en Engelse 'n satiriese betekenis in die geskiedenis van Suid-Afrika wat as 'n sinkende skip voorgestel word weens sake wat in die geskiedenis verkeerd geloop het. Of enige aanvaarbare antwoord.*

<b>10 punte</b>
-----------------

**Skeepsverslag: Titanic – M.M. Walters**

Hollanders het die skip beplan, maar dit was Engelse wat gebou en uiteindelik geloods het – en almal is tog ou kenners van die water.	1
Nietemin te veel was die geloof en selfversekering dat niks hom kon laat sink nie: het die beskermheer van skepe dan nie self die projek gewil nie, dié invaar in die donker, dié wit eiland van lig en glansende weerkaatsing ...	5
Agterna gesien, was die toerusting onvoldoende. Die skokkendste erkenning: geen verkykers of soekligte.	10
Maar luukses was volop en uitspattig: marmer- vuurmaakplekke, dubbele toilette, miniatuurgholfbane, swembaddens, rye kroeë en hemelbeddens waarin die rykes kon hoereer, selektief, privaat, terwyl hul voortvaar na die beloofde land, hulle skatte veilig in die kluipe.	15
Senders van kleiner skepe het gewaarsku: julle vaar in 'n gevaarlike seisoen, daar's'n kilte in die lug, ysberge in die onbekende water en vol verandering is die warrelende winde.	20
Maar die luukse reus was doof, sy antennes ingestel op uitstraal, nie interpreteer nie. Bowenal wou sy kaptein hom nie laat steur nie, nié deur kapteintjies wat nie kaarte ken nie.	
Die ysrots was nie sigbaar in die nag nie en die staal móés skeur toe dit nie meer kon buig nie.	25
Chaos het geheers in offisiërs kajuite – die reddingsbote is nie eens almal neergelaat nie, wanhopige passasiers het in die see gespring en dié wat nie die moed had of bly hoop het, het op die agterstewe saam met die orkes	30
bly sing: Nader my God by U – onverstaanbaar sê enkele oorlewendes, omdat die woorde in Afrikaans was.	33
[Uit: <i>Saturae</i> 1979]	

**VRAAG 6****Vincent van Gogh – D. J. Opperman**

- 6.1 Die **titel, inhoud en vorm** van hierdie gedig suggereer dat die leser sekere agtergrondkennis benodig om die gedig te verstaan. Watter **drie** sulke feite beskou jy as belangrike voorafkennis om die gedig beter te verstaan? (3)
- *Dis dalk 'n sonnet en moet ondersoek word.*
  - *Van Gogh se lewe vóór hy begin skilder het.*
  - *Van Gogh se lewe as skilder en kunstenaar.*



- 6.2 Waarom, dink jy, gebruik die spreker die gesprekston met 'jy' eerder as die meer vertellende toon met 'hy'? (2)  
*'Jy' gee die indruk dat die spreker Van Gogh persoonlik ken en met hom kan identifiseer. 'Hy' sou meer objektief klink asof die spreker bloot iemand se verhaal vertel en dit sou die passievolle toon mis.*
- 6.3 Watter woord uit die laaste 6 reëls van die gedig sê vir jou dat Van Gogh nie net portrette van mense geskilder het nie, maar ook natuurtonele? (1)  
*landskap*
- 6.4 As ons die gedig goed verstaan, besef ons dat hier eintlik van drie kunstenaars en hul kuns en skeppingswerke sprake is. Watter drie soorte kuns en kunstenaars is teenwoordig? (3)  
*Van Gogh – skilderkuns  
God – skepper van mens en natuur  
die digter – skepper van poësie*
- 6.5 Verduidelik kortliks in jou eie woorde hoe jy reël 13 verstaan. (1)  
*Eers toe Van Gogh begin SKILDER, het hy besef dat DIT die manier is hoe hy God ten volle kan dien en vereer en verteenwoordig, ens.*

<b>10 punte</b>
-----------------

### Vincent van Gogh – D. J. Opperman

Jy het as 'n miskende	1
heilige vergeefs geveg teen die ellende	
en die onreg in die krotte van die myn,	
in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn	
en skriklike stryd van God	5
leer ken, wat mens en boom verknot	
in Sy kramp trekke; maar eers toe jy die koringgerwe	
in aanbidding van die son kon verwe,	
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,	
die kantelende landskap in die snelle ligte	10
geel en groen en blou – alles met koorsige gevele	
tot branding van die skone kon verwek,	
toe is Sy hartstog eers in jou volbring	
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.	14

[Uit: *Heilige Beeste* 1947]

**VRAAG 7****Lady Anne by die mikrogolf – Antjie Krog**

- 7.1 Watter **drie** verwysings in die gedig, dink jy, het dalk agtergrondskennis uit ons geskiedenis nodig vir 'n beter verstaan van die teks? (3)  
*Inligting oor Lady Anne (Barnard)*  
*Strofe 3: wa-pak, kamp en kroep*  
*Die uitdrukkings 'wat kinders teer laat verblond op melk en heuning' en/ of 'op sandersonlinne sit en aai en paai', ens.*
- 7.2 '... van watter breed is ons?' (strofe 2) dui op stereotipering. Verduidelik. (1)  
*Dit dui daarop dat die spreker en vroue soos sy almal dieselfde is m.b.t. afkoms, kenmerke, lewenstyl, ideale, ens.*
- 7.3 Watter betekenisverband merk jy op tussen die titel en reëls 21 en 22? (2)  
*Daar kan gewys word op 'n oorsaaklike verband tussen die mikrogolfoond en die strukture wat verbrand en dus soos as neerstort.*
- 7.4 Identifiseer kortliks die groep vrouens na wie deurgaans verwys word as 'ons'. Stem jy saam met die spreekster dat dié groep se bestaan tot 'n onafwendbare/ onvermydelike einde kom? Skryf 'n kort paragraaf om jou antwoord toe te lig. (4)  
**Groep:** *wit Afrikaner-vrouens, ryk, gemaksugtig.*  
**Ja,** *die voorregte wat die groep geniet het in ons samelewing op grond van blanke oorheersing kom tot 'n einde aangesien die strukture wat geskep is vir wit bevoorregting tot 'n einde gekom het. In 'n samelewing waar regte en voorregte nou gedeel word met ander en nie ten koste van ander opgeëis kan word nie, het so 'n identifiseerbare groep nie langer bestaansreg nie.*  
**Nee:** *In enige samelewing, selfs 'n demokrasie, is daar diegene wat ryker is en meer materialisties ingestem op sukses en rykdom. Al verander die situasie van voorheen benadeeldes deur strukture wat verander, sal dié groepe steeds voortbestaan.*  
*Houdings en waardes verander nie noodwendig tydens politieke en sosiale veranderings nie.*

<b>10 punte</b>
-----------------

**Lady Anne by die mikrogolf – Antjie Krog**

- o my susters in kombi's en stasiewaens 1  
 met stylvolle donkerbrille en hare teen die grys getint  
 liggame wat soggens in fleurige leotards  
     jog en gym en joga  
     verbete klou aan soepelheid en Pil 5
- soos ons by mekaar op oorbrûe verbyjaag  
 in stofwolke stop langs sportvelde  
 aandagtig sit en tydhou voor musiekkamers  
 mekaar aan die huil bid op Bybelstudies  
 wonder ek: van watter breed is ons? 10
- in die meedoënlose metodiek van beplanning  
 herken ek die waansin van wa-pak  
 die drif waarmee kinders gedryf word  
 tot uithaal en byhou ruik na kamp en kroep

soos ons op sandersonlinne sit en aai en paai	15
en die mans by ingeboude kroeë druk drink en desperaat praat oor naai	
weet ons ons is die laaste	
die laaste wat kinders teer laat verblond op melk en heuning	
ons is die laaste	
agter ons onder ons langs ons	20
stort met die sagte geluid van as	
strukture wat ons soort in stand hou	
in hulle maai	23

[Uit: *Lady Anne* 1989]

### Onvoorbereide Gedig

Hierdie vraag is **verplichtend** vir **alle** kandidate.

### VRAAG 8

Lees die volgende gedig en bekyk die illustrasie noukeurig. Beantwoord dan die vrae wat volg.

#### Raccoon in 'n slagyster - Barend Toerien

- 8.1 In hierdie eensydige gesprek met die raccoon gebruik die spreker telkens 'n ander toon, bv. hy is vies of ergerlik, beskuldigend, verdedigend, selfvoldaan, geskok, bejammerend, selfverwytend, selfondersoekend, ontsteld. Kies een van hierdie praatone vir **elk van** strofe 1 en 3 en haal 'n versreël of frase aan om jou keuse te ondersteun. (2)
- Str 1: Ergerlik, vies. 'Sie jy, jou tande wys' OF*  
*Selfvoldaan 'Vandag is die dag dat ek jou kleinkry'*
- Str 4 Selfverwytend 'Mooi dier ... wat my star aanstaar met nyd' OF*  
*Selfondersoekend en my kleinburgerlike gedagtes'*
- 8.2 Volgens die woordeboek beteken om iets of iemand 'klein te kry':
- om baas te raak, te onderwerp.
  - om te verstaan, insig te kry.
- 8.2.1 Verduidelik nou hoe hierdie uitdrukking op die raccoon-situasie van toepassing is. (1)  
*Die raccoon is in die spreker se slagyster gevang na hy die hoenders gevang het en word so onderwerp deur die spreker.*
- 8.2.2 Verduidelik ook hoe die uitdrukking op die spreker van toepassing is. (1)  
*Die spreker se gewete pla hom en hy vergelyk homself met die gevange diertjie. Hy begin sy eie motiewe bevraagteken en verstaan.*

- 8.3 Hoe weet die leser dat die raccoon desperaat is van **pyn en haat**? (2)  
*Hy het sy poot in die slagyster half afgebyt om te probeer ontsnap en tog staan hy die spreker aan met haat en nyd.*
- 8.4 In strofe 4 merk ons dat die spreker begin om raakpunte (ooreenkomste) te sien tussen homself en die raccoon. Watter vorm van beeldspraak word hiervoor gebruik? (2)  
 Verduidelik.  
*Personifikasie. Die spreker beskryf die poot van die diertjie as 'n 'babatjie-handjie met slap wit vingertjies'.*
- 8.5 In die illustrasie (prent) is die wasbeer en die slagyster sentraal. Hoe illustreer dit op metaforiese wyse die insig waartoe die spreker in verband met homself kom in **strofe 4**? Bespreek kortliks. (2)  
*Die spreker vergelyk sy eie situasie met dié van die raccoon. Ook hy voel vasgevang in sy eie kleinburgerlike bestaan, sy selfverwyt, en hy voel of hy slegs daaruit kan ontsnap deur sy eie polse af te 'byt' wat miskien dui op 'n selfmoordpoging (polse af te sny) of so iets.*

<b>10 punte</b>
-----------------

#### Raccoon in 'n slagyster - Barend Toerien

Sie jy jou tande wys, skerp soos masjienratte, hap na my hand en op my met venyn spoeg, sal jy! Vandag is die dag dat ek jou kleinkry.	1
Die sneeu lê dik en lê wit: oor alles lê dit. Jou voetsleepsel wys tot hier, tot die hoenderhok waar nou twee beteuterde mossies na voer pik. Jy moes húl liefs gehap het. Nou's jy in my strik.	5
Trekkings ruk oor jou swart vag; die maskara-ogies in jou driehoek-gesig wys my waar jy – o God! jou babatjie-handjie met slap wit vingertjies half afgebyt het, half afgebyt het om my te ontsnap; soos 'n driepoot wou jy weghop.	10  15
Mooi dier, die gans anderse, wat my star aanstaar met nyd, ek met my pedestriaanse hennie en my kleinburgerlike gedagtes en wat sleg slaap, snags rondrol en my naels byt in my slaap.	20
Wil jy nou dat ek vannag my polse afbyt? [Uit: 'n Plek op die Land 1985] Kerkhonkson, New York	22

#### Woordeskat:

Raccoon – wasbeer  
 vag – pels  
 pedestriaans – alledaags, verbeeldingloos, rondlopende, rondloper  
 nyd – haat, wraak